# LEIERSKAP BEGINSELS VIR SUKSES

## SELFONTWIKKELING

*"Our daily decisions shape who we are"*
*"Ons daaglikse besluite bepaal wie ons is"*

Daar is een besluit wat ons van krag moet maak in ons daaglikse lewe wat LEIERS van mekaar onderskei. **OM ALTYD TE BLY GROEI !!!**

**1. Groei is nie OUTOMATIES.**

Dink ons dien die Here al jare of al jare 'n leier, ons gaan outomaties groei.

**2. Leier moet altyd STREEF om te bly groei.**

*"The Law of the Lid"*

Jou bediening, jou besigheid, jou lewe, kan net sover groei soos die deksel wat jy daarop plaas.

Hoe meer ek toegerus is ⇒ hoe meer kan God my gebruik.
Hoe meer ek toegerus is ⇒ hoe meer kan ek ander bedien.

**3. Grootste gevaar is 'n LEIER wat STAGNEER.**

Verloor jou invloed as leier. *"The day you stop growing, is the day you lost influence".*

Mense verlaat jou bediening, jou besigheid, want jy kan hulle niks meer bied nie. Hulle leer niks meer by jou nie.

*"We cannot achieve our wildest dreams by remaining who we are". (John Maxwell)*

*"Nothing changes IF nothing changes".*

**4. Groei is 'n teken dat jou leierskap GESOND is.**

Enige ding wat gesond is groei.
Ons moet gesond bly deur te groei.

**5. 'n Suksesvolle LEIER lei deur VOORBEELD.**

Voorbeeld wees in groei, dan kan die wat jy lei saam met jou groei.

*"A good leader don't direct people where to go – they lead them".*

**6. God kan jou net sover gebruik as wat jou KENNIS strek.**

*"Your GIFT is the foundation of your greatness, but your GROWTH is what brings your greatness into reality". (John Maxwell)*
God gee vir al Sy kinders potensiaal vir grootheid. Hy het alles in ons geplaas. Die vraag is: *"Gaan ek myself so ontwikkel dat daardie grootheid in my na vore kan kom? Gaan ek die dissipline insit om myself te ontwikkel?"*

**7. Suksesvolle LEIERS omring hulle met mense wat VOOR hulle is.**

Mense wat groter ondervindings, groter dinge gedoen het, meer suksesvoller is, langer pad gestap het. Mense wat jou vermoëns en menswees kan uitdaag.
SELFVERSEKERDE LEIER ⇒ bou 'n span om hom met sterk leiers
MINDERWAARDIGE LEIER ⇒ bou 'n span om hom met volgelinge

SPR 13:20 (a) *"Gaan met die wyse om, dan word jy wys"*

Jy leer en ontwikkel by mense wat voor jou is, beter as jy is, skerper as jy is.

**8. Suksesvolle LEIERS ontwikkel deur hulleself UIT TE DAAG.**

- Tevrede met goed. Hou die status quo – **"good is enough".**
- Bediening in **"cruise control".**
- Sal nooit leer as jy nie **uitgedaag** word nie.
- Sal nooit leer as jy aanhou met **dieselfde ding** nie.

FIL 3:13-14 "Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."

JIM COLLINS ⇨ "Good is the enemy of great"
RONALD E OSBORN ⇨ "Unless you try to do something beyond what you have already mastered, you will never grow"

# TOEPASSING

1. Kry die openbaring dat groei alles te doen het met jou LEIERSKAP.
2. Neem 'n DOELBEWUSTE besluit om te groei en jouself te ontwikkel.
3. Kry 'n plan van AKSIE.
    - 20 min/dag om te groei

      10 min/dag Woord

      10 min onderwerp bv. Leierskap, menseverhoudings, liefde

      Readers Digest: *"Enige persoon kan 'n kenner word op 'n vakgebied as hy net vir 'n bepaalde tyd 10 minute per dag tyd daaraan afstaan."*
4. Selfdissipline – teenoor myself verantwoordelik te wees.
5. Volharding – aan te hou.

# 2 HOOFPRIORITEITE

❖ Verhouding met **GOD**

❖ Verhouding met **MENSE**



# SPAN VERNIETIGERS

## 1. VERKEERDE GESINDHEID

*"Goeie gesindhede onder spellers waarborg nie 'n span se sukses nie, maar verkeerde gesindhede waarborg sy mislukking".*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Vermoë | + | Houding | = | **RESULTATE** |
| Baie talent | + | Negatief | = | **SLEGTE SPAN** |
| Baie talent | + | Swak | = | **GEMIDDELDE SPAN** |
| Baie talent | + | Gemiddelde | = | **GOEIE SPAN** |
| Baie talent | + | Positief | = | **TOP SPAN** |

**As jy puik resultate wil hê, het jy goeie mense met groot talent en indrukwekkende gesindhede nodig. Wanneer gesindhede agteruitgaan, verswak die potensiaal van die span.**

Voorbeelde van verkeerde gesindhede

- Negatief
- Pessimisties
- Hoogmoedig
- Minderwaardig
- Aggressie
- Selfsugtig
- Kritiese gesindheid4

*Swak gesindheid vermenigvuldig vinniger as goeie gesindheid.*

*"Daar is slegs een ding wat meer aansteeklik is as 'n goeie gesindheid en dit is 'n swak gesindheid".*

## 2. EIESINNIGHEID

‘n Eiesinnige persoon is iemand wat altyd ‘n saak op sy **MANIER** wil deurvoer, sy **WIL** wil hê, en nie wil **TOEGEE** vir die belange van die groep nie.

## 3. VEGTERS

Met woorde te veg. Om oor sake te twis en te veg. Soveel mense is gelukkig as hulle hul sê kan sê oor ‘n saak en so ‘n groot vete ontketen.

## 4. STRYDLUSTIGHEID

Die kenmerk van ‘n strydlustige persoon is dat, indien sake hom nie geval nie, bied hy altyd **TEENKANTING**. Hy wil altyd **STRY**, **DEBATTEER** en **KOMPETEER** met ander persone.

Hy is **ONBUIGBAAR** en as iets nie volgens sy begeertes plaasvind nie, mag dit hoegenaamd nie plaasvind nie.

Waar hierdie gesindheid bestaan, kan daar nooit eenheid wees nie en is **VOORUITGANG** en **SAMEWERKING** onmoontlik.

